Saaknommer: **2006/2203**

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
Vrystaatse Provinsiale Afdeling

Te BLOEMFONTEIN, op die **29 ste** dag van **MEI 2006**

Voor Sy Edele Regter **A KRUGER**

In die saak tussen:

Micro Finance Regulatory Council	**Applikant**
En	
Dauw Labuschagne	**1 ste Respondent**
J J Schreuder	**2 de Respondent**
Schreuder Lenings Bk	**3 de Respondent**

==========

Na oorweging van die Kennisgewing van Mosie en die ander dokumente wat ingedien is en na aanhoor van die Advokaat vir Applikant

WORD DIT GELAS DAT:

1. Kondonasie aan applikant verleen word vir die nie-nakoming van hierdie Agbare Hof se reëls met betrekking tot betekening en gee van kennis, dat die aansoek aanghoor word as dringend in terme van die bepalings van Hofreël 6(12).

2. 'n *Bevel nisi* uitgereik word, keerbaar op Donderdag, 8 Junie 2006, waarin die eerste en tweede respondent opgeroep word om redes, indien enige, te kom aanvoer waarom die volgende bevel nie gemaak moet word nie :

   2.1 'n bevel wat gelas dat die eerste en tweede respondent in minagting staan van die hofbevel uitgereik deur Sy Edele Regter G A Hattingh op 15 Mei 2006, onder saaknommer 2006/2012.

   2.2 die eerste en tweede respondente vir gevangenissetting verwys word vir die periode van negentig dae, of sodanige peride as wat die Agbare Hof gerade ag.

   2.3 dat die voormelde termyn van gevangenissetting van die eerste en tweede respondent opgeskort word vir sodanige tydperk as wat die Agbare Hof mag gereade ag, op die voorwaarde dat die eerste en tweede respondente die bovemelde bevel eerbiedig en nakom.

   2.4 Alternatiewelik tot bedes 2.2 en 2.3, sodanige vonnisoplegging as wat die Agbare Hof mag gelas.

2.5 dat verlof verleen word aan die applikant om die Agbare Hof te nader op dieselfde stukke, behoorlik aangevul, vir die inwerkingtreding van die tydperk van die opgeskorte vonnis, sou die eerste en/of tweede respondente weier en/of versuim om bede 2.3 te gehoorsaam.

2.6 dat die koste van die aansoek betaal word deur die eerste en tweede respondente, gesamentlik en afsonderlik, die een betaal die ander kwytgeskeld te word.

3. Hierdie bevel beteken word aan die eerste en tweede respondente persoonlik, ooreenkomstig die bepalings van Hofreël 4.

OP LAS VAN DIE HOF

HOFGRIFFIER

HONEY PROKUREURS